



Nuusblad van Negester Klein-Kariba  
Jaargang 5 No. 5 Mei 2023

## BEWAAR JOU HART



Ons lees in 1 Samuel 16 hoedat die Here vir Samuel opdrag gee om tussen Isai se seuns dié seun te gaan salf wat Hý vir Hom as koning geïdentifiseer het om Saul op te volg, maar sonder om vir Samuel te sê wááter van Isai se seuns dit is. Nadat Samuel in Bethlehem aangekom het, nooi hy Isai en sy seuns na die maaltydoffer en, toe Samuel vir Eliab sien, het hy dadelik gedink dat hý die Here se gesalfde is (v6). Maar dan sê die Here vir Samuel: *Moenie na sy voorkoms en sy rysige gestalte kyk nie, want Ek het hom afgekeur. Dit gaan immers nie oor wat die mens sien nie, want: "Die mens kyk na wat hy sien, maar **die Here kyk na die hart.**"* (v7)

*Bewaar jou hart ... bewaak jou hart ... moenie toelaat dat jou hart verkeerdelik beïnvloed word nie ... is ván die maniere waarop een van die bekende tekste uit Spreuke (4:23) graag aangehaal word. T.D. Jakes het dit by geleentheid só gestel: Die vyand wil jou verbitter en verlei. Bewaak jou hart teen besoedeling as gevolg van wellus, eensaamheid, onverdraagsaamheid, arrogansie ... en alles tussen-in.*

T.D. Jakes is sekerlik nie verkeerd nie, maar wanneer op 'n gedeelte van 'n teksvers gefokus word kan dit nogal maklik daartoe lei dat die dieper fokus en betekenis van dit wat deur die teks oorgedra word, 'misgekyk' word. Iemand wat met Jesus in verhouding is en wie se oog op Hóm gerig is as Leidsman en Voleinder van die geloof (Hebreërs 12:1-2), se fokus behoort mos in elk geval daarop gerig te wees om verkeerde en besoedelende gedagtes, begeertes en optredes te vermy en weerstand daarteen te bied.

So ... kom ons gebruik 'n praktiese skriftuurlike interpretasie tegniek en ons kyk na die gehéél van dit wat in Spreuke 4:23 geskryf is: *Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe.*

Nou wonder ek ... is dit wat hier oorgedra word nie dalk méér en diéper as bloot net dat ek my hart moet bewaak om slegte gedagtes, begeertes en optredes te vermy nie?

*Bewaak jou hart ... **want** ... sê Spreuke 4:23, en 'want' is 'n belangrike woord om die dieper boodskap van die teksvers te ontsluit en te verstaan wáárom ek my hart moet bewaak: **want** ... dit wat uit my hart vóórtvloei as ek dit níé bewaak nie, kan vernietigend wees en kan skade, stryd en onmin veroorsaak!*

Het jy ook al iets kwytgeraak of gedoen sonder dat jy eers mooi oor die gevolge en implikasies daarvan besin het, en dan daarna met knersende tande gewens dat jy jou woorde of optrede onklaar kon maak ... dit net kon laat verdwyn asof jy dit nóóit gesê of gedoen het nie? Het jy al ooit ervaar dat jy as gevolg van 'n 'verkeerde filter' by iets of iemand betrokke geraak het, of 'n leuen geglo wat jou lewe verkeerdelik beïnvloed of omgedop het?

Die rede waarom ek my hart moet bewaar is, met ander woorde, nie bloot nét om te verhoed dat verkeerde en slegte gedagtes en waardes dit kan infiltreer en mý lewe kom vernietig nie – dit natúúrlik ook, ja – maar ek moet my hart ook met ywer en toewyding bewaak sodat daar nie verkeerde dinge daarúit sal voortspruit wat ánder se harte en lewens verkeerdelik sal beïnvloed nie! Ek bewaak my hart daarom nie net om mysélf te beskerm nie, maar ook om die harte van hulle met wie ek in aanraking kom en op een of ander manier mee in verhouding is, te beskerm.

In Lukas 6 verduidelik Jesus dat 'n boom aan sy vrugte geken word (v44) en dan volg Hy op (v45): 'n Goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die goeie skatkamer van sy hart, en 'n slegte mens bring die slegte voort uit die slegtheid wat in hom is; want waar die hart van vol is, loop die mond van oor. (AFR20)

Wat veroorsaak sonde in my lewe, inspireer my om heiligheid na te streef, inisieer en versterk my geloof ...? MY HART! My optrede en die impak daarvan op ander spruit voort uit dit wat in my hart leef, en dit is waarom God so op ons harte gefokus is!

Here, ek bely dat ek baie keer roekeloos toelaat dat my hart nie bewaar word nie en dat dit ingrypend deur my verkeerde denke beïnvloed word. U ondersoek my en U ken my ... U verstaan van ver af wat ek in gedagte het en daarom, saam met Dawid, bid ek ... ondersoek my, o God, en ken my hart; toets my, en ken my ontstellende gedagtes. Kyk of ek nie op 'n pad van verdriet is nie, en lei my op die ewige pad. Skep vir my 'n rein hart, o God, en vernuwe 'n bestendige gees in my binneste.

AMEN  
Groetnis  
Pierre Jordaan



## Tong in die kies ...

### Probeer ... sit jou bagasie neer!

Twee mans staan langs die pad met hul bagasie. Elkeen op pad na sy eie bestemming. Nie lank nie, stop 'n vragmotor by hulle. Die bestuurder vra: "Wil jul 'n geleentheid hê na Pretoria?" "Asseblief" antwoord die mans. "Dankie! Dankie!" Hul klim agter op die bak. Die mans was baie bly en dankbaar teenoor die weldoener. Die bestuurder is op pad met die manne, en voel ook sommer in sy skik dat hy aan hulle 'n weldaad bewys het. 'n Ent gery, kyk die bestuurder in sy truspieël en sien die volgende:



- Die een man lê uitgestrek en rus met sy bagasie onder sy kop (natuurlik as kussing). Jy kan die saligheid op sy gesig duidelik sien.
- Die ander man sit nog die hele tyd geboë, met sy pakkaas steeds op sy rug. Jy kan ook die swarmoedigheid op sy gesig sien.

By die eindpunt gekom laai die bestuurder die manne af. Hulle groet en sê beleefd dankie. Die bestuurder kan homself nie keer nie en vra toe vir die man met die bagasie steeds op sy rug: "Hoekom het jy nie, terwyl jy agter op die vragmotor was, gemaklik geraak en jou bagasie neergesit nie?" Die man antwoord: "O, jy het my opgelaai en daarvoor voel ek alreeds sleg. Ek kon nie toelaat dat jou vragmotor nog my swaar vrag ook moes dra nie."

Probeer is die beste geweer!

~Gusta~



## NOU...



nou toe

Hy kyk deur 'n blou bril.

Betekenis:

Afr. Hy is terneergedruk.

Eng. He sees only the gloomy side of things.

### **KANSA POTJIE AAND 21 JULIE 2023**



Kansa beplan weer n potjie aand vir 21 Julie 2023 in die Negester Klubsaal. Dis lekker kuier en eet. Soos gewoonlik is daar musiek vir die wat na die ete wil dans.

Ons sal die uitnodiging gedurende Junie uitstuur sodat besprekings gedoen kan word. Kom geniet n heerlike aand saam.

Nellie

## NEGESTER: BYEENKOMSTE 2023: TENTATIEWE DATUMS

DATUM	FUNKSIE	SAMEROEPER	KONTAKNOMMER
21 Junie	Wyingilde	Alida	083 286 5066/071 609 6705
24 Junie	Markdag (inwoners)	Annatjie	082 354 3705
21 Julie	Kansa: Potjie aand	Nellie	083 680 6965
9 Augustus	Kansa: Vrouedag	Nellie	083 680 6965
16 Augustus	Wyingilde	Alida	083 286 5066/071 609 6705
September	Lentestap (Datum sal bevestig word)	Omgewingsgroep	
23 September	Nas. Braaidag (Datum sal bevestig word)	Derek	083 286 5066
6 Oktober	Restaurant dag	Derek	083 286 5066
11 Oktober	Wyingilde	Alida	071 609 6705
20 Oktober	Cansa Flower Power	Nellie	083 680 6965
23 November	Kerssangdiens	Derek/Gusta/Alida	083 286 5066/083 287 9925
29 November	Wyingilde	Alida	083 286 5066/071 609 6705
2 Des	Markdag (opemark)	Annatjie	082 354 3705



### UIT DIE HEV KANTOOR



As direksie wil ons net eers ons voorsitter, Johann Marx, baie geluk wens met sy verjaarsdag op 15 Mei. Johann, ons hoop jou volgende lewensjaar is 'n geseënde een vir jou en jou familie.

Geluk ook aan Johan van Heerden wat die hele Mei in Namibië is. Ons hoop julle geniet die wegbreek en kuier terdeë.

Die Direksie betuig graag hul innige meegevoel aan die familie van Tommy du Plessis wat onverwags op 6 Mei aan 'n hartaanval oorlede is. Tommy was die afgelope 20 jaar by die ATKV betrokke en het aan die stuur gestaan van oorde soos Natalia, Eiland, Buffelspoort en Klein Kariba. Hy was 'n merkwaardige persoon wat op almal met wie sy pad gekruis het, 'n indruk gelaat het. Ook vir Negester, waar hy op ons direksie gedien het, was sy insette en bydraes van onskatbare waarde. Ons wens ook vir Klein Kariba sterkte toe in hierdie moeilike tyd en omstandighede.

Die proses rondom die gesondheidsorg aanstelling is goed op dreef en die finale dokumentasie sal teen einde Mei gereed wees om aan voornemende diensverskaffers uitgestuur te word.

Baie dankie vir almal se ondersteuning.

Vriendelike Groete

Negester Direksie



**Raasblare  
"Bunny Chow"  
ete.**





# Boererate

## Vetkolle op kledingstukke

Gebruik gewone Handy Andy.  
Gooi daarvan op die vetkol en was soos gewoonlik.



## LAG 'N SLAG

### 'n Boek en 'n boek:

Kort voor hul troue het sy hom 'n boek gegee met die titel: "Die volmaakte heer." Na 'n paar jaar van getroude lewe het sy hom weer 'n boek gegee. Hierdie keer was die titel: "Wilde diere waarmee ek te doen gekry het."



**Smart Vision Solar**

Groothandelaar  
en  
Installeerders  
van  
PV Sonkrag Stelsels

Kontak  
Willy 078 364 1416

# Boombrokkies

## Wildesering

Herfs in die Bosveld is 'n wonderlike tyd: warm dae, helder nagte – dis net, hier is nie eintlik bome wat mooi verkleur nie. Gelukkig het ons op Negester baie wildeseringe, wild syringa (*Burkea africana*), waarvan die blare hierdie tyd van die jaar wel pragtig geel word. Dis 'n middelgroot, bladwisselende boom wat ritse roomkleurige blomme dra. Hulle groei veral op diep sandgrond. Dit is skynbaar baie moeilik om wildeseringe te kweek.

Die hout is rooibruin, hard en sterk en maak pragtige meubels. Tradisioneel word die bas gebruik om vis mee te vergiftig, terwyl 'n rooi kleurstof van die wortels gemaak word. Bas en wortels het ook vele medisinale gebruike. Ruspes, wat as groot lekkerny beskou word, kom soms in groot getalle op wildeseringe voor. Dit lyk dikwels asof so 'n boom beskadig word, maar dit is nie die geval nie, so 'n boom bot die volgende seisoen normaal.

Wildesering moenie met die ongewenste indringer, die mak sering wat so geil langs die R101 groei, verwar word nie. Dit is ook nie die witsering (*Kirkia acuminata*) nie. Hulle kom in die natuur slegs in die verre noorde van S.A. voor.

Kyk en geniet die geelkleurige wildeseringe, een van die dae het al hulle blare afgeval.



Leonora



# S O R G S E N T R U M

Op 19 April 2023 geniet 'n groep van Negester een van die mees opwindende, vreugdevolle en prettigste oggende van die jaar.

Daar word gesing en gelag. Balle word gerol, ringe gegooi. Tussendeur word 'n eedingetjie en iets te drinke geniet.

Ballonne en papiervliegtuie word in die lug gehou.

Die heerlike samesyn en gekuier word afgesluit met Rooikappie wat in 'n nuwe vertelling deur die bos stap.

Annatjie, Delia en Loret





## Spreuke van C.J. Langenhoven ...

### Leierskap:

“Die nadeel van ’n hoë posisie is die aandag wat hy trek.  
Onder tussen die skare hoef jy maar net vir ’n ordentlike hoed te sorg.  
Bo-op die leer sien hulle jou broek en jou skoene ook.”



## -Sekuriteit-

### Fire hydrants @ Negester

Negester has 20 fire hydrants. Law requires that these are at a maximum distance of 200 meters apart and are accessible at all times. A map of the location of all our hydrants was prepared earlier this year and shortcomings made clear to the HOA.



A fire hydrant is basically a large diameter pipe directly connected to our water reticulation system, with a special valve on top. Since the valves we have are made of cast iron, they can rust and need to be opened at regular intervals. This task was carried out on Saturday 29 April, by three owners of Negester (Neville Hoare and Ruud van Nieuwenhoven, members of the Emergency & Security Committee, and Hannes du Plessis, “versamelpunt koördineerder”).

As part of the exercise, we tested the availability of our Negester Mahindra Fire Fighter and required equipment. We feel this is necessary, in order to provide a first response as owners in case of a house fire after hours.

Besides a few small issues with some hydrants, which will be rectified asap, all hydrants were found to be operating correctly.

The work done is in preparation of the establishment of a firefighting team of homeowners who can provide a first response to a house fire. In order to achieve this, fire hose and fire fighting training will be given over the next few months to (selected) volunteers. You will soon hear more of this from the “versamelpunt koördineerder”.

Just in case you may have wondered, veld fire fighting is a totally different ballgame and will be carried out by the Negester staff who have received specialised training in this regard. For this we are also linked into the neighbourhood watch and wider Fire Protection organisation in our district. More about that in a future article.

Stay safe,


Ruud van Nieuwenhoven

Nood- en Sekuriteitskomitee

## Taalgoeters

### SOMMER IN DIE VERBYGAAN

Vaste uitdrukking is ’n paar woorde wat gewoonlik saam gebruik word, bv. verdere stappe neem; van stapel laat loop; onderwys gee; skoolhou (l.w. skool gee is onsin).



Terloops, wat is die stapel waarvandaan laat loop is? Dit is die houtraamwerk waarop die skip gebou word en as die skip klaar gebou of herstel is, is die skip van stapel laat loop die see in. Dit beteken dus dat alles reg is en dat die werk of program begin. LW dit is ’n aanvang neem en nie in aanvang nie.

As dit beurtkrig is, hoor ons die "gennies" hardloop. Hardloop? Nee, waarheen sou hulle hardloop? Die Engelse "Run" kan feitlik sonder uitsondering in Afrikaans met loop vertaal word.

Dit klink vir my gelukkig of daar nie meer kortjaarts en lofts in Negester is nie.

Genoeg vir nou.

Groete  
Henk





## 'n Boodskap uit die landgoedkantoor

Ons is in Mei en, alhoewel bietjie ongewoon vir hierdie tyd van die jaar, was die laat reën baie welkom.

Gedurende Mei het ons 'n klompie werk by die saal afgehandel, wat ingesluit het die verf van die stoep se staalkonstruksie, herstel van deure by die badkamers, ens. Die afdakke by die kantoor is ook oorgeverf en, soos meeste seker al opgemerk het, word ons paaie se strepe oorgeverf.

Goeie nuus is dat die eerste drie groot spoedhobbels vanaf die R101 verwyder gaan word. Die hobbel net voor die bruggie sal in plek bly, sowel as die res van die hobbels op pad na Negester, waar al die ingange van die kleinhoues is. Die projek sal in die tweede helfte van Mei begin, so wees asseblief geduldig terwyl die kontrakteurs daarmee besig is.

Gedurende Mei doen ons voorbereidingswerk in terme van ons voorbrande en word alle gras onder die Eskom drade en langs ons heinings gesny, sowel as sekere dele tussen die huise. Die brandseisoen is op hande en, vanaf 31 Mei, mag geen voorbrande, asgate en tuinafval meer gebrand word sonder 'n permit nie. Vanaf 31 Julie word alle oop vure verbied. Daar is hierdie jaar 'n ongelooflike hoeveelheid brandbare materiaal in die veld, wat die risiko vir brand aansienlik verhoog. As enigiemand rook in die omgewing opmerk, moet hulle asseblief dadelik vir my of Stephan kontak sodat ons dit kan aanmeld.

Die spuit van lantanas is vir eers afgehandel, maar sal weer gedurende die volgende seisoen hervat word. Ons is tans besig met die uitvang van die wild en, teen die tyd dat hierdie skrywe uitgaan, behoort dié projek ook afgehandel te wees.

Op 6 Mei is 'n vergadering met al ons bure gehou en – alhoewel die opkoms nie goed was nie – kon belangrike punte rakende ons area, soos indringerplante, veiligheid en veldbrande, wel bespreek word. Die algemene terugvoer was baie positief en die samewerking met meeste van ons bure, die buurtweg en die Klein Kariba Fire Protection Assosiation is op 'n goeie vlak.

Ons innige meegevoel aan oom Danie Senekal se familie na sy afsterwe, asook aan die gesin en familie van Tommie du Plessies van Klein Kariba wat onverwags oorlede is.

Onthou: Geduld is wanneer jy veronderstel is om kwaad te word, maar jy kies om eerder te verstaan.

Vriendelike groete

Dawie van Niekerk



### NUUSFLITS: OPGRADERING VAN DIE R101 TUSSEN BELA-BELA EN MODIMOLLE

Volgens SANRAL het die tender op 12 Mei 2023 gesluit. Hopelik sal die konstruksie gedurende Januarie 2024 begin.

**OOGKUNDIGE**  
**GEORGE VAN DER HOVEN**

 **Gratis voorskrif sonbril**  
Terme en voorwaardes geld

**066 517 2571**  
Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong



*...Lag ... traan ...*

Die redaksie van Sterrelik is bly vir en saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan. Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.

# Voël van die Maand

## GEWONE TARENAAK

Eng: Helmeted Guineafowl

*Numida meleagris*


Almal ken tarentale en hul word gereeld hier by Negester gesien, veral in die laer liggende gedeelte van die landgoed. 'n Tarentaal word ook soms, veral in geselstaal, **poelpetaat**, **bankrotvoël**, **kewerkonstabel**, **bylkop** en **belhoender** genoem. Dit is afkomstig van die Franse woorde poule (hoender) en pintade (gespikkeld). Die gewone tarentaal is grys met wit kolletjies en kaal nekke, en hul koppe is blou met rooi lelle. Dan het hul ook 'n benerige helm op die kop. 'n Tarentaal weeg tussen 1,35 en 1,50 kg. Die geslagte lyk eenders, maar die wyfies is effens groter.



Tarentale wei gewoonlik in groot troppe, maar in die broeityd (van Oktober tot Maart) paar hulle gewoonlik af. Die wyfie lê gewoonlik 5 tot 10 eiers, wat na 'n maand uitbroei. Hulle slaap in bome, maar maak in 'n beskutte plek op die grond nes. Hulle leef hoofsaaklik van insekte, wurms, knolle en sade en is nuttige diere vir saai-boere omdat hulle die landerye skoon hou van insekte.

Hulle word ook as mak pluimvee aangehou vir hulle smaaklike vleis.

Die tarentaal is 'n algemene jagvoël en kom wyd verspreid in Afrika, suid van die Sahara, en Suid-Afrika, voor. Daar is ook populasies in die Wes-Indies en die suide van beide Frankryk en Engeland.



Tarentaalvleis is ook vrylik beskikbaar in Britse supermarkte en die tarentale wat kommersieel verkrygbaar is, word grotendeels in Engeland geteel.

Prof. Joop Boomker skryf in "Die Landbouweekblad" dat dit 'n mite is dat die maande met 'n 'r' die 'wurmmaande' is, want hy en sy vrou het heelwat navorsing gedoen oor die wurms in tarentale – hulle kom dwarsdeur die jaar voor. Dit is egter so dat gedurende die lente, wanneer die voëls begin afpaar om te broei, die wyfies geweldig baie insekte vreet.

Die ander mite is dat gedurende maande van die jaar wat nie 'n 'r' in het nie, die wurms in die vleis van die tarentale voorkom. Uit die aard van die saak, as 'n tarentaal, wat normaalweg baie wurms in die dermkanaal het, met 'n haelgeweer geskiet word, gaan mens die wurms in die vleis kry!

Die voorkoms van wurms is direk gekoppel aan hulle voedingsbehoefte gedurende 'n spesifieke tyd van die jaar, maar hulle is nooit sonder wurms nie. Dit is nie hormonaal nie, dit word deur die behoefte aan proteïene in die vorm van insekte (tussengashere) gedryf en is dus parasities van aard.

Bronne geraadpleeg:

Wikipedia Landbouweekblad (17 Des. 2012)

Robert Birds of South Africa Weg tydskrif (5 Okt. 2022)

Gerhard Vosloo

## KEN JY DIE BETEKENISSE VAN HIERDIE WOORDE?

- |    |                         |    |              |
|----|-------------------------|----|--------------|
| 1  | BRES                    | 12 | EKG          |
| 2  | Korveel                 | 13 | Nestor       |
| 3  | LOEP                    | 14 | Kasaterwater |
| 4  | Kinkel                  | 15 | Wisselrigter |
| 5  | SAAI (TWEË BETEKENISSE) | 16 | Kikvors      |
| 6  | Teerling                | 17 | Makaber      |
| 7  | Hak (twee betekenisse)  | 18 | Loef         |
| 8  | Boetseer                | 19 | Monetêr      |
| 9  | Katarak                 | 20 | Fleurig      |
| 10 | Hot en haar             | 21 | Koevoet      |
| 11 | Sinister                |    |              |










Kyk op bladsy 17 vir die antwoorde en gee jousef een punt as jy naastenby reg is met die betekenis.

Maal met 5 en dit is jou persentasie (ek gee jou 2% verniet)

Henk Kruger



## Die liefde blom na al die jare nog steeds in Rooibosstraat ...

	Trou	Nou		Trou	Nou
Evelyn en Roy Best 52 jr.			Gert en Stenie van Niekerk 55 jr.		
Herman en Magdaleen Bonsma 38 jr.			Rassie en Annemie Erasmus 50 jr.		
Gerhardt en Carol Vosloo 42 jr.			Albert en Neeltjie Behrens 41 jr.		
Rouel en Eureke Beukes 44 jr.			Marina en Robert Wubling 38 jr.		
Koos en Grieta Venter 47 jr.			Tiny en Stella Neethling 54 jr.		
Max en Ina Berg 47 jr.					

# VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

ADENIUM MULTIFLORUM (Impalalelie)

Familie: Apocynaceae (Selonsroos)

Genus: Adenium

Spesie: multiflorum (Impalalelie, Sabiestêr)

Die *Impalalelie* is nie 'n ware lelie nie, maar behoort tot die selonsroosfamilie.

Die Impalalelie is die nasionale blom van Ghana.



Adenium multiflorum

## OORSPRONG EN VOORKOMS

Heelwat tuine in Negester het 'n Impalalelie of twee. Die genus is vernoem na die stad Aden in die Republiek van Yemen, wat op die suidwestelike hoek van die Arabiese Skiereiland geleë is. Twee algemene gekweekte spesies is die oostelike- en Suider-Afrikaanse Adenium multiflorum (Impalalelie) en die Adenium swazicum (grootblaarimpalalelie). Hierdie spesie kom in die noorde van KwaZulu-Natal, Mosambiek, Eswatini, Zimbabwe, Malawi en Zambië voor. In blom is hierdie plante een van die onvergeetlikste gesigte vir besoekers aan die Nasionale Kruger wildtuin. Nog 'n spesie van Adenium wat in Afrika en Asië voorkom, is die Adenium obesum wat uitgeken kan word aan die dik stam teen die grond, terwyl die multiflorum se stam meer regop is. Beide die multiflorum en obesum is algemeen beskikbaar in Suid-Afrika.

## BESKRYWING

Die *Impalalelie* (Adenium multiflorum) is 'n klein kremetartagtige, vlesige struikie wat tot 1,5 meter hoog word. Die stam is glad (geen dorings nie), blinkgrys van kleur en bevat 'n waterige melksap wat hoogs toksies is.

Die Suid-Afrikaanse Impalalelie se blomme is stervormig en is wit met helder, donkerpienk rande. Trosse blomme word in die winter en lente gedra nadat die blare afgeval het. Die langwerpige, uitgedroogte sade bars oop en stel talryke, harige sade vry wat deur die wind versprei word.

## KWEKING

Hulle hou van vol-son gedurende die voormiddag en, in warm klimaat, skaduwee in die namiddag. *Impalalelies verkies 'n droë omgewing* en is baie sensitief vir te veel water. Hulle is droogtebestand en hou van grond wat maklik dreineer. Watersproei wat op die blare agterbly skep 'n gunstige omgewing vir skadelike swamme, maar die plante is andersins siektevry.

Impalalelies kan van saad of steggies gekweek word. Dié wat van saad gekweek is, groei beter as die van steggies gekweek, en kan binne 12 maande reeds blom.

## GEBRUIKE

Die melksap word soms deur inheemse mense van Suid-Afrika en Mosambiek gebruik om 'n magiese drank mee te maak. Die melksap van die Impalalelie bevat meer as 30 soorte chemikalieë wat die hart kan affekteer. Met die byvoeging van die regte dosisse farmakologiese stowwe, is die melksap nie noodwendig gevaarlik nie en kan onder andere gebruik word in die behandeling van hartverlamming.

Die melksap van sekere spesies van die Impalalelie word deur die Heikom Boesmans van Namibië aan pylpunte gesmeer vir jagdoeleindes. Dit kan 'n groot bok na bewering binne 100 meter van waar dit gepyl is, laat vrek. Die San Boesmans gebruik weer ander spesies van die Impalalelie vir die behandeling van slangbyt en skerpioensteek.

In 'n volgende artikel gaan die koedoelie (Pachypodium saundersii) aan die beurt kom.

Vriendelike groete van tuin tot tuin.

Cobus Oosthuizen.

Bronne: Google

Boek - Tuinvetplante deur Gideon F. Smith & Ben - Erik van Wyk



Adenium obesum





## SKOPSUILE

'n Groep van agt karavane uit die Skopsuile het 'n heerlike kamp en kuier week by Sondela Natuur reservaat deurgebring. Verskeie aktiwiteite is daaglik beoefen en voëlkykers het 'n rekord aantal voëls aangeteken.

Ander aktiwiteite het grasrolbal en fietsry ingesluit.

Sondela bestuur het ook gesorg vir 'n besondere wildrit op 'n sleepwa en trekker, wat almal geniet het.

Daar is elke aand heerlik om die kampvuur gebrui en gekuier, waar lede mekaar ook beter leer ken het.

Daar word uitgesien na die volgende kamp.

*Patrys*





# Oor 'n koppie tee:



Vandag leer ek vir Ina en Max Berg (291) beter ken:

## Waar is julle gebore en het julle grootgeword?

Ina: Ek is gebore op Oudshoorn en het daar grootgeword en skoolgegaan tot Gr. 1. Daarna het ons Potchefstroom toe getrek.

Max: Ek is in Port Elizabeth gebore en het daar grootgeword.

## Waar het julle ontmoet?

In Potchefstroom, deur ons onderskeie beste vriend en vriendin wat neef en

## niggie was.

## Hoeveel kinders en kleinkinders het julle?

Ons het drie kinders, twee dogters en een seun en drie kleinkinders, een dogter en twee seuns.

## Wat was julle beroepe voordat julle afgetree het?

Max: Ek was 'n brigadier in die Suid-Afrikaanse Polisie – vir 41 jaar en drie dae (Max dring aan dat die drie dae genoem word) – waarvan die eerste 20 jaar 'n roeping en die laaste 21 jaar (en drie dae) 'n beproewing was.

Ina: Ek het eers 'n administratiewe loopbaan, by verskeie instansies, gevolg en die laaste 16 jaar voor my aftrede het ek 'n kleuterskool in Pretoria gehad.

## Hoekom het julle Negester gekies om te kom bly?

Ons was by Klein Kariba en het van Negester gehoor en besluit om te kom kyk. Omdat ons van die bosomgewing hou, het ons gehou van wat ons sien en die mense hier is óns mense. En natuurlik die feit dat die ATKV se naam aan die ontwikkeling gekoppel is.

## Hoe het julle lewenstyl verander vandat julle hier bly?

Ons lewe nou baie rustiger en nader aan die natuur. Dit voel of ons heelyd met vakansie is.

## Waarmee hou julle juis besig?

Ina: Tuinmaak, lees (outobiografieë en af en toe 'n roman), borduurwerk, en ek doen “diamond dotting”.

Max: Ek lees baie – koerante sowel as boeke (veral oor die politieke ideologieë, ek is tans juis besig met 'n boek van Eugene de Kock, luister en kyk graag nuus en doen Sudoku.

## As jy jouself in een woord kon opsom, wat sal dit wees

Ina: Positief

Max: Denker

## Wat ontstel jou:

Ina: Negatiewiteit

Max: Die afbreek van die Christelike geloof in die politiek.

## Wat laat jou lag?

Ina: Enigiets wat snaaks is.

Max: Die Huisgenotjies, Blou Willem op Maandag (Die Beeld), Lood op Donderdag (Die Beeld) en Pollux (Die Rapport)

## Watter advies sal jy aan vandag se jonger mense gee?

Ina: Carpe diem!

Max: Hou vas aan Afrikaner Christelike nasionalisme.

## GUNSTELINGE:

### Kos:

Ina: Enige vars, rou vrugte en groente

Max: Malvapoeding en afval

### Drankie:

Ina: Mangosap

Max: Koffie

### Vermaak/ontspanning:

Ina: Musiek luister

Max: Nuus – kyk en luister en Sudoku doen.

### Musiek:

Ina: Afrikaanse musiek

Max: Afrikaanse- en boeremusiek

### Boek:

Ina: Dis ek, Anna, deur Elbie Lötter en The Legacy Letters

Max: Ideologieë en “Wat op Aarde is aan die gang?” deur Dr David Jeremiah

### Sport:

Ina: Tennis en atletiek

Max: Rugby, veral die Blou Bulle

### Kleur:

Ina: Groen

Max: Geel

### Dier:

Ina: Leeu

Max: Hond

### Vakansieplek:

Die Bosveld, en Sodwana om te gaan diepseeduik



Dalene



**SCHOEMBIE GARDEN & LANDSCAPING SERVICES**


Garden Service / Tuindienste  
 Landscaping / Landskap  
 Grass / Gras  
 Succulent Plants / Vetplante  
 Trees / Bome  
 Irrigation new and repairs /  
 Besproeiing nuwe en herstel werk

**TEL: 064 318 0168 / 076 798 3869**

**VANAF DIE BOEKRAK ...**



**Titel:** Infanta  
**Outeur:** Deon Meyer  
 Die bekende Bennie Griesel, speurder-inspekteur van die Ernstige en



Geweldsmisdaadeenheid in die Suid-Afrikaanse Polisie diens wat 'n volslae alkoholiese is, probeer sy lewe op koers kry, maar soos soveel kere tevore, is dit sy werk wat sy onmiddellike aandig verg. Artemis is 'n vigilante wat besluit het om gereg in eie hande te neem en die doodstraf terug te bring, en hy gebruik 'n mes wat 'n uitsonderlike lang lem het vir oortreders wat misdaad teen kinders pleeg. Met die politici wat op Griesel se hoof druk uitoeven en die media wat aan die anderkant skree, probeer Bennie uitvind wie hy kan vertrou, want dit wil voorkom of daar iemand in eie geledere is wat hom boikot. Derhalwe besluit Bennie om 'n lokval te stel. Maar Bennie het nie rekening gehou met die liefde wat 'n sekswerker vir haar kind het, die haat van die Sangrenegra-dwelmkartel en sy eie smagting na die helende kragte van die bottel nie.

So terloops, vir die wat gewonder het "Infanta" beteken: die oudste dogter van 'n regerende Monarg van Spanje of Portugal wat nie die troon sal bestyg nie. (Hoofsaaklik omdat dit die voorreg van 'n seun is

om om die troon te sit, al is hy nie die oudste kind nie)

Hoewel die boek baie maklik lees en lekker op die oor val, sal ek nie die boek aanbeveel vir sensitiewe lesers nie. Die taalgebruik in die boek is baie grof en mag lesers ontstel.

Tot volgende maand  
 Ria

**Wie kan ek kontak?**

<b>KLINIEK</b>	<b>014-736-3364</b>	<b>014-736-2770</b>
Nood-nommer		<b>072 312 3499</b>
Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)		<b>014-736-2580</b>
<b>GROEPWERK (Annatjie Moore)</b>	<b>014-736-2580</b>	
Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)	<b>014-736-2725</b>	

<b>Maak asseblief afsprake</b>		
<b>Maandae – Vrydae</b>	07:30 - 09:30	Kliniek
<b>Maandae</b>	07:30 - 09:30	Voetsorg
<b>Dinsdae</b>	07:30 - 09:30	Haarsorg
<b>Dinsdae</b>	07:30 - 09:30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
<b>Vrydae</b>	Middag	Fisioterapeut

**GESONDHEIDSORG**



# LIELA'S COFFEE SHOP

**@ Rocking Horse Nursery**

Approximately 4.5 km from your main gate

**Opening**

**1 June 2023**

**@ 9 am**

**Contact Mareli: 082 766 3534**





**Negester Klein-Kariba** is die ideale plek vir **vyftigplussers** op soek na 'n beveiligde leefstyl-landgoed en 'n droomtuiste in die **Bosveld**.



**FASILITEITE EN VOORDELE**

- ☑ Veilige en uitstekende beleggingsgeleentheid met ATKV as 'n ontwikkelingsvennoot.
- ☑ Pragtige natuurskoon met velop bergfiets, stap en drafreetes.
- ☑ Beheerde toegang tot die ATKV se Klein-Kariba - Vakansieoord.
- ☑ Klubbuis en sportfasiliteite, boma en ook pikniekkore.
- ☑ 24/7 sekuriteit met biometriese toegangsbeheer.





**Kontak ons nou vir die nuutste plot en plan opsies beskikbaar!**

Carin | +27 71 612 9129  
carin@boshalfeiendomme.co.za

Hansie | +27 82 419 4642  
hansie@boshalfeiendomme.co.za



**Reënval**



**NG KERK DAMESOGGEND 6 MEI 2023**

Saterdagoggend het van ons dames in Negester heerlik saam gekuier by NG Kerk Warmbad Moedergemeente. Die gasspreker was Marinda Aucamp, wat met ons oor klerekas beplanning gepraat het. Chris Coetzer het ons met sang vermaak en daarna het die dames natuurlik geëet en, soos vrouens kan kuier, gekuier.

Christa en Erika was ons tafel se gasvroue en natuurlik was dit die mooiste tafel. Wat 'n voorreg om so te kan kuier saam met vriendinne en dit net te geniet, en te besef hoe kosbaar die lewe is en hoe geseënd ons is.



# STERRELIG DAMESTEE: 13 MEI 2023

Sterreilig Redaksie het besluit om ons dames te bederf met tee en koek omdat 14 Mei Moedersdag was. Die redaksielede het beplan, gebak, en die tafels gedek om dit 'n spesiale dag vir die vrou van Negester te maak.

Gusta en Dalene het die tafels gedek en die saal mooi gemaak. Annamarie het die bemerking gedoen en Sandra, Nellie en Ria het gebak. Albert het as die seremoniemeester opgetree en hom goed van sy taak gekwyd. Derek het gesorg vir die musiek, wat baie gepas was vir die dag.

Dit was 'n besondere dag met ons gasspreker, Annatjie, wat oor "moer" gepraat het, soos koffie moer, ens. en Gusta en Dalene het 'n voordrag gedoen uit Yolandi Britnell-Steyn se boek: "Sit die ketel aan."

Wat 'n kosbare tyd om met vriendinne te spandeer en nuwe vriende te maak, so leer ons mekaar ken.

Dankie aan almal wat so hard gewerk het om die vrou van Negester te bederf.

Sien uit na die volgende kuier!

Nellie



## KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB



# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 25 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSpraak REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274. Voeg asb by u boodskap Negester.

**TROTS GEASSOSIEER**



Glen Manor Kantoor Park, Gebou 5, Kantoor 2,  
138 Frikkie De Beer Straat, Menlyn, Pretoria, 0063  
Tel: +27 (0)86 184 3672  
Epos: info@nsb.co.za  
www.nsb.co.za

Volg ons op Facebook en Twitter  
Gereguleerde verkaffer van finansiële dienste, FSP no: 16908



# NOODNOMMERS

<b>Ambulansdiens Life 24</b>	<b>082 040 5003</b>
<b>Brandweer</b>	<b>014 736 8000</b>
<b>Polisiediens</b>	<b>014 736 9760/1</b>
<b>Stasiebevelvoerder</b>	<b>082 565 8512</b>
<b>Sigbare polisiëring</b>	<b>082 414 2704</b>
<b>Speurtakhoof</b>	<b>082 319 9336</b>
<b>HD Elektries (Dirk)</b>	<b>083 660 0319</b>
<b>Loodgieter (Eric)</b>	<b>083 281 7789</b>
<b>Smart Vision Solar (Willy)</b>	<b>078 364 1416</b>
<b>Suster Delia</b>	<b>082 494 2717</b>
<b>Landgoedbestuurder (Dawie)</b>	<b>071 734 3618</b>
<b>Hospitale</b>	
<b>Provinsiale hospitaal</b>	<b>014 736 7300</b>

## Uit Grootjie se kombuis ...

Onbewustelik word mens met gesinstradisies groot, en los dit jou nie, al word jy ouer. Een van dié tradisies kom uit my kinderdae en wanneer dit vandag nog in ons huis gebeur, dan is oma Hannie besig met die maak van 'n soetbederf ...?

Die tradisie: Oor een van die potte op die stoof se deksel is daar 'n vadoek gedrapeer, wat net-net van hoek tot kant oor die deksel hang. Dit is die teken: "Moenie koekeloer" in die pot nie. Los die deksel toe! Sy is besig met die maak van souskluitjies.

### Bestanddele:

#### Deeg:

- 125 g margarien
- ½ k suiker
- 5 ml vanilla
- 2 k koekmeel
- 2 t bakpoeier
- 2 ml sout
- 3 eiers geklits

#### Stroop:

- 10 k water
- 1 k suiker
- 10 ml kaneel
- Knypie sout
- Verhit alles saam
- Suiker moet oplos
- Kook aanhoudend



### Metode

- Room botter, suiker en eiers.
- Vanilla word bygevoeg.
- Sif meel, bakpoeier en sout saam en voeg by die eiermengsel, tot 'n stywe deeg.
- Skep lepelsvol in kokende stroop.
- Laat kook vir 30 min in toe kastrol. (Hou deksel op en toe).
- Bedien warm.
- 
- ~Gusta~

## Betekenisse vrae bl. 8

- |  |                                      |
|--|--------------------------------------|
| 1 opening of gat, soos in 'n stadsmuur of in 'n linie soldate se verdediging | 11 duister, grieselig onheilspellend |
| 2 soort skip   | 12 elektrokardiogram                 |
| 3 vergrootglas   | 13 ou meester/leier NG Kerk          |
| 4 draai of swaai   | 14 flou tee/koffie                   |
| 5 a plant; b vervelig  | 15 kragomsetter                      |
| 6 dobbelsteen  | 16 padda                             |
| 7a agterkant van voet en b kap   | 17 huiweringwekkend                  |
| 8 uit klei vorm  | 18 wind/windkant van seilboot        |
| 9 soos 'n gordyn, waterval   | 19 geldelik                          |
| 10 hier en daar, rond en bont  | 20 fleurig, soos 'n blom             |





SKENK  
**'N BOTTTEL**  
**VOL**  
**HOOP**



VUL DIE BOTTTEL ASSEBLIEF  
MET DIE VOLGENDE  
BESTANDELE:

- 1/2 KOPPIE RYS
- 1/2 KOPPIE DROË SOPMENGSEL
- 1/2 KOPPIE LENSIES
- 1X AFTREKSELBLOKKIE (STOCK CUBE) SONDER OMHULSEL
- 1X PAKKIE DROË SOPPOEIER



**RESEP:**

Kook 2 1/2L water. Gooi al die bestanddele en die kookwater saam in 'n kastrol. Kook tot gaar en geniet.




Deel ook j ou "memories" met die inwoners.




"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .  
**Deur my Negeester kameranens**

# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel



### Oplossing van vorige raaisel!



Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

### DWARS

- 2 Vyande?
- 4 ?
- 5 Aantal sekuriteitsvoorvalle?
- 6 Sy het opleiding aan eerste- tot finale jaar verpleegstudente gegee?
- 7 24 Junie?
- 9 This cools the fire down and takes oxygen away from the fire?



- 11 ?
- 13 It can bring a blessing or a hurt beyond repair?
- 14 Tunas and cactus figs.
- 15 The best medicine?
- 17 Sameroeper nood & sekuriteit?

### AF

- 1 Een ding wat mari ontstel.
- 3 ?
- 5 Dié orgaan filtreer afvalstowwe?
- 8 Nuwe lid van die direksie?
- 10 Byna, amper?
- 12 ?
- 13 Vandag is hy soet en môre weer suur?
- 16 'n Tyd om te kom en 'n tyd om te gaan, baai!?



## Negestermanne by Nampo





## SPORT/ONTSPANNING



Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45				Manne biduur	
07:00 – 09:00	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
08:00 – 09:00	Water aerobies			Water aerobies	
08:00 – 09:00		Pilates			Pilates
10:00 – 11:00		Lyndans		Lyndans	
14:00 – 16:00		Handwerk			
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	

**Sodanige besprekings sal alleenlik verskuif word indien die sameroeper van die bespreekte aktiwiteit persoonlik toestemming verleen en die kantoor persoonlik dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel is.**

**Die klubhuis en veral die boma MOET bespreek word by die kantoor indien u dit wil gebruik vir aktiwiteite.**

**Derek  
Sosiale Belangegroep**

### Stywe Lyne



Gedurende Aprilmaand het die vissermanne eenparig besluit: “Hier gaan ons alweer!”

Die gekose dam ... by Weesgerus vakansieoord, net buite Nylstroom, op die Vaalwater-pad.

Omdat die sonnetjie eers later opkom en ons mos bietjie later wil lê, het ons vyf manne 06:30 vanaf Negester vertrek. Soos gewoonlik ry ons dan in ons eiesoortige “Visserman-konvooi.”

Daar aangekom, het ons alles gereed gekry vir die gesellige dag. Elkeen sorg vir sy eie staanplek, en gou is die stokke gereed en die aas in die water. Daar is aas om van te kies en te keur: miswurms, hamburgerpattie, en allerhande doepa. Nou vir die wag, en wag het ons gewag. Die visse het ook gewag en was traag om te byt. Verander hier en daar aan 'n aas, en terug water toe ... kom ons kyk ...



Ons lag, kuier, drink koffie en geniet die natuur.

Ai, helaas net 2 “snarre” vir die dag! Met groot lekkerkry in ons harte na só 'n heerlike dag, is ons weer veilig terug by die huis.

Apriltrofeë wenner: Neville. Veels geluk! Moenie by die huis sit nie, sluit aan by die hengelgroep.

Cassie Walters (079 515 5568)



## Wat is 'n Pa?

- ☞ Hy is 'n man mamma.
  - ☞ Hy is iemand soos ek, net baja slimmer, want hy help my met somme wat juffrou nie kan doen nie.
  - ☞ Hy stap saam met sienkies en praat oor visvang en trekkers.
  - ☞ Hy het altyd tyd vir jou, behalwe as hy slaap.
  - ☞ Hy kan seker nie altyd mooi sien nie, want hy vra baja kere: "Wat doen jy?"
  - ☞ Hy het ook baja gelt ... en koop swiets.
  - ☞ Hy is bly om sy kint te sien en tel hom hoog op in die lug.
  - ☞ Almal moet 'n pa kry ... hy is lekkerder as teevee.
- (Uit die hart van 'n Graad 2 seuntjie)



## Ne9ester Klein-Kariba Komitees

### **SORGDIENTSE**

Direkteur: Volle direksie  
Sameroeper: Annatjie Moore

### **FINANSIES**

Direkteur: Johan van Heerden  
Sameroeper: Chris Schoeman

### **OMGEWING**

Direkteur: Johan van Heerden  
Sameroeper: André Greyling

### **NOOD & SEKURITEIT**

Direkteur: Wessie vd Westhuizen  
Sameroeper: Ben Meyer

### **ESTETIES**

Direkteur: Johann Marx  
Sameroeper: Dawie van Niekerk

### **INSTANDHOUDING**

Direkteur: Johann Marx  
Sameroeper: Dawie van Niekerk

## Ne9ester Klein-Kariba Belangegroep

### **ONDERSTEUNING: LIEF EN LEED**

Sameroeper: Vakant  
KANSA: Nellie Buitendag  
Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

### **MANNE BYBELSTUDIE**

Sameroeper: Johan Nel

### **SOSIAAL**

Sameroeper: Derek Grobler  
Lyndans: Annette Swart  
Biblioteek: Mary-Ann Venter  
Handwerk: Rita Coetzee  
Markdag: Annatjie Ras  
Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel  
Wyngilde: Alida Meyer

### **SPORT**

Direkteur: Johan van Heerden  
Sameroeper: Vakant  
Fietsry: Stephanie de Haas  
Tennis: Wilna van Zyl  
Rolbal: Leon Raath  
Gholf: Coenie Louw  
Jukskei: Hannes du Plessis  
Putt-Putt: Chris Rademan  
Tafeltennis: Piet van Zyl  
Pilates: Trish Fitzpatrick  
Biokinetika: Hannie Schoeman  
Visvang: Cassie Walkers  
Water aerobics: Charlotte Burger  
Lyndans: Anette Swart

### **KOMMUNIKASIE**

#### **STERRELIG:**

Redakteur: Pierre Jordaan  
Bemarking & Finansies: Nellie Buitendag  
Webblad: Angus Hughes